Sondag, 23 Februarie 2020

God, die Een wat stuur, ín ons, die gestuurdes – só kom Sy koninkryk naby...

"Toe het Jesus sy twaalf dissipels nadergeroep... en hulle uitgestuur... Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom.' Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het."
(Matteus 10:7 en 40)

Jesus van Nasaret se boodskap – *"Kom tot inkeer, die koninkryk van die hemel is hier"* (Mat. 4:17) – het deur Galilea weerklink. Die koninkryk van die hemel het vir die gebrokenes naby gekom: siekes en geweldes onder die "gewone volk" (4:23), 'n Romeinse offisier met 'n siek slaaf en 'n Joodse Raadslid met 'n siek dogtertjie (8:5 en 9:18), 'n skaam vrou met 'n rare bloedsiekte, twee blindes en een stomme mens (9:22, 27 en 32). God se koninkryk is 'n ruimte van heling vir mense in nood. Die koninkryk van die hemel het ook vir verstotenes naby gekom: eenvoudiges van gees, armes, treurendes, sagmoediges, vredesoekers (5:3-10), tollenaars en ander sondaars (9:11-12). God se koninkryk is 'n ruimte van veiligheid en vergifnis vir alle mense. Dit is veral 'n ruimte van barmhartigheid, het Jesus sover Hy gaan gesê – Hy het mense "innig jammer gekry" (9:36); Hy het barmhartiges "geseënd" genoem (5:7); Hy het gewys dat barmhartigheid – omgee – vir God en Sy profete "belangriker is as offers" (9:13)...

En toe roep Hy sy dissipels nader en stuur hulle uit, met presies dié boodskap: *"die koninkryk van die hemel het naby gekom"* (10:7). Bemagtig Hy hulle om óók heling te gaan uitdeel (10:8) – waar julle dus gaan as boodskappers van die goeie nuus, dáár kom daar plek vir gebrokenes en verstotenes. Die hele Matteus 10 is 'n versameling spreuke en aanwysings van Jesus aan sy dissipels oor dié sending waarop Hy hul uitstuur – die missie, die lewe van die kerk in die wêreld. Maar, ánders as wat die dissipels dalk gedink het of as wat die verwagtinge onder die Jode destyds van die komende koninkryk van God en sy Messias was, is hierdie nie 'n missie van mag en glorie nie, maar een van omgee (10:8), eenvoud (10:9-10), vrede (10:12), vertroue (10:19 en 29), volharding (10:22)... en die vind van jou lewe juis wanneer jy dit verloor (10:39)! Want, *"dit sal met 'n leerling gaan soos met sy leermeester"* (10:24-25).

Dán ontdek jy die geheim van hierdie lewensomvattende opdrag: Hy wat stuur, gaan saam met die gestuurdes, trouens, ín hulle mee – want dít is die *missio Dei*!

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Ds. Johan Marais lei die gesinsdiens in die saal.
Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig.
Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe.
Almal word uitgenooi na die Koragiete se Koffiehuis ná die diens in die binnehof...

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel/sms gerus ds. Jan Lubbe (082 784 9362).

Ander eredienste vandag en volgende Sondag:

Om 15:00	Sothodiens – teol.std. Steve Bopane.
Om 18:00	Ds. Johan Marais: *"Op 'n missie om grond te wees..."* (Pastorale gesprek).
Sondag, 1 Maart	09:30 – ds. Johan Marais; gesinsdiens in die saal – ds. Jan Lubbe; aand om 18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizédiens). Geen Sothodiens.

'n Uitnodiging ook na ons wydingsdiens op Aswoensdag, 26 Februarie 2020 om 18:00.

DEURKOLLEKTES:

16 Februarie	Christen Vigsburo	R 1 789,00
23 Februarie	Vrystaat Versorging	
01 Maart	Hulpfonds Sinodale Pensioenfonds	

'n Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en hierdie week verjaar:

23 Februarie	Christopher Junius en Helena Marais.
24 Februarie	Ruben Smith.
25 Februarie	Janette de Waal en HJ Malan.
26 Februarie	Jan Joubert, Claudette Botha, Elsiën v/d Walt, SF v Zyl en Kosie Kruger.
27 Februarie	Hanchen Korff, Louis Wessels, Santjie Foord en Imke Pretorius.
28 Februarie	Erna Gouws.

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Tannie Constans Reyneke (Serenitas 20, wyk 15a); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Tannie Flolinda Marais (Kiepersol 12, wyk 16); Annatjie Weber (Albrechtstr. 104, wyk 2a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b).

Meelewing:
Ons opregte meegevoel met Ezelle, David-Rees Samuel en hul kinders (Paul Rouxstr. 38, wyk 5a) by die heengaan van haar moeder; die gedenkdiens is môre-oggend om 11:00 hier in die kerkgebou. Ons dink ook aan Annemarie Vermeulen (vroeër van Genl. Hertzogstr. 81); sy het in Januarie na Pretoria verhuis en hul dogter is afgelope Saterdag daar oorlede. Dié gedenkdiens word Saterdag, 29 Februarie hier gehou.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Woensdag, 26 Februarie 05:30 – Mannebiduur.
19:00 – Bybelstudie (ds Jan): *"Só sê die Here" V – Joël*
Donderdag, 27 Februarie 09:00 – Bybelstudie (ds Johan): *"Jou wêreld klein vir God?*

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke – ruil vanjaar om):

Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u vanjaar hospitaal toe sou gaan, of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak – ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. Indien daar ander nood is of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak graag 'n afspraak met u.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:

Wyk 15 (Serenitas en Gratias) en **16** (Kiepersol Area) is in Maart aan die beurt vir gasvryheid op Sondae met teeskink ná die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande. Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750). Baie dankie aan wyke 13 en 14 vir hul getroue diens gedurende Februarie en die mooi blomme in die kerk.

Kerkraadsvergadering:

Die eerste kerkraadsvergadering vir 2020 vind vanaand plaas, 23 Februarie – ons woon die aanddiens by en daarna (en ná koppie tee en toebroodjie) vergader ons in die konsistorie.

BEDIENINGE

EREDIENSBEDIENING

Koragiete se Koffiehuis:

Die "vriende van die orrel", ook genaamd die "Koragiete" (vgl. die opskrif bokant Psalms soos 42 en 84) bied weer vanoggend 'n Koffiehuis in die binnehof aan – kom geniet vars koffie, heerlike kerktee en 'n stukkie koek of tert... alles ter wille van gesellige saamwees, en 'n donasie om ons orrelfonds te sterk!

Aswoensdag en Lydenstyd:

Ons gaan hierdie week die Lydenstyd in, met 'n spesiale wydingsdiens op Woensdagaand, 26 Februarie om 18:00, gelei deur ds. Martin Laubscher. Die gebruik om 'n "Aswoensdag" te gedenk het 'n lang tradisie in Christelike kerke, om naamlik 40 dae vóór die Paasnaweek stil te raak by die wete van Christus se lyding en ons eie gebrokenheid en sonde. Dit spreek van verootmoediging en 'n na binnekeer in selfondersoek – ons nooi almal weer uit om vanjaar só saam met ons die Lydenstyd in te gaan. Dit word ook deur baie Christene gebruik as 'n tyd om te vas: jouself te ont-hou van oormatige etes of een of ander luuksheid ter herinnering aan die aflegging van lewe op Christus se lydensweg, die reiniging van wat onnodig is en 'n stille toewyding aan God.

GEMEENTEBEDIENING

Wêreldbiddag vir Mans, Vroue en Kinders:

Vrydagaand, 6 Maart 2020 neem ons gemeente deel aan die Wêreldbiddag vir Vroue en Mans – soos vorige jare, reël ons weer drie gelyktydige groepsbyeenkomste (vroue, mans, kinders), vanjaar met **Zimbabwe** as temaland, en daarna 'n heerlike ete. Besprekings by die kerkkantoor (@ R 40 p/p vir die ete) vóór 26 Februarie asb.

Herfstee vir Seniors:

Op Woensdagoggend, 11 Maart 2020 om 09:30, bied die Vrouekomitee en Kuierklub 'n gesellige Herfstee vir Senior lidmate (65+) aan. Almal is hartlik welkom – kom kuier, ontspan en geniet die saamwees. Indien u nog nie u plek bespreek het nie, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750) – ons wil graag die voorbereidings tref.

GETUIENISBEDIENING: MET WOORD EN BROOD...

Gesprekke oor verlies en rou:

Hospice Bloemfontein bied weer 'n ondersteuningsgroep in die hantering van verlies en rou aan, gelei deur Hanneke Lubbe en rev. Tlagu Molokoane van die Anglikaanse Kerk. Die eerste geleentheid is Dinsdagaand, 25 Februarie 17:00-18:00 in die Jeugkamer – almal welkom.

Gemeentemark:

Ons volgende gemeentemark vir goeie tweedehandse klere en kombuisware, is komende Vrydag, 28 Februarie – bydraes kan nog kerkkantoor toe gebring word.

Werkersklas: Huishulpkamp

Die jaarlikse huishulpkamp vind plaas vanaf Vrydag, 6 tot Sondag, 8 Maart 2020. Daar is 14 van ons Werkersklasvroue wat dit gaan bywoon – baie dankie solank aan hul werkgewers wat instaan vir die kostes en dit vir hul ook tydsgewys moontlik maak om die naweek by te woon.

Hulp waar daar nood is – Pick & Pay:

Het jy geweet dat deur jou inkopiestrokie by Pick & Pay Preller in die houtkissie van Berg-en-Dal by die winkeluitgang te plaas, jy behoeftiges in ons gemeenskap kan help? Pick & Pay betaal 'n % van die aankope op daardie strokies aan die gemeente oor en ons gebruik dit uitsluitlik vir noodleniging in die gemeenskap; verlede jaar het dit 'n bedrag van R 9 445,00 beloop... Gooi dus jou strokie in en maak 'n verskil!

ONDERSTEUNINGSBEDIENING

Geldsake en Begroting 2020/21:

Die einde van die finansiële jaar is hier, 29 Februarie, en die Komitee vir Geldsake het probeer om Berg-en-Dal se boeke te laat klop. Die nuwe begroting word vanaand aan die kerkraad voorgelê en sal ná goedkeuring, op 8 Maart aan u as gemeente deurgegee word.

Lokale met fasiliteite te huur beskikbaar:

Het jy geweet dat Berg-en-Dal oor gerieflike lokale met projeksie- en kombuisfasiliteite beskik wat vir bestuursvergaderings, opleidingskursusse en kleinerige konferensies in weeksdae of -aande gebruik kan word? Eenmalige- òf langtermyn-opsies kan bespreek word. Kontak die kerkkantoor (051-4362750) of www.bergendalkerk.co.za en doen navraag oor beskikbare datums en tariewe vir jou geleentheid!

NG Kerk Berg-en-Dal, ABSA Tjekrek. 470-580-011